

6 April

Skrifgedeelte: Spreuke 2:10-22

Fokusgedeelte: Spreuke 2:20-22

Die cul-de-sac van bedrog

Daar word dikwels na Spreuke as 'n "Boek vol Lewenswysshede" verwys, maar die openbaringe van God is nie in 'n lugleegte vir ons gegee nie. So ... asof dit van Bo oor ons uitgegiet word sonder dat dit werklik 'n verband met die "gewone", alledaagse lewe het. Die Here wil nie met die Bybel wêreldvreemde mense van ons maak, wat sy Woorde in ons harte opsluit en nie weet hoe om die komplekse lewe van elke dag daarmee te benader nie. Spreuke is daarom bedoel om elke dag van God se beslaglegging op ons hele lewensbestaan te spreek; die lewe van handel en nywerheid, gesin en huwelik, owerheid en onderdane, ensovoorts.

Met Spreuke wat in jou lewe spreek, gee dit vir jou 'n raamwerk waarbinne jy jou besluite oor die lewe neem, want dit bepaal God se Wil vir jou. Spreuke 2 dra die ryke seëninge van die wysheid aan ons oor, terwyl die voorwaardes om dit te bekom, uitgespel word.

Met hierdie wysheid in jou hart vind jou siel die bewaring en leiding van die Gees om die slegte en verkeerde in die lewe te vermy en uit te stap op die veilige lewensweg wat volhoubaar en geseënd is. Die verklaring van die fokusverse laat ons net weer beseef hoe groot God se genade in Christus is: Hy vergewe ons ons oortredinge en wil ons op sy regte weë lei. Dit is 'n godvrugtige lewe teenoor die goddelose (vs. 22) wat geen duurte kan beleef nie ... "die bedrieërs sal uitgeroei word".

Die Hebreeuse woord wat met *ontroue* of *bedrieër* vertaal is, het ook die betekenis van *verraderlike*. Dit hou duidelik met Satan, die groot bedrieër van ouds, verband. Satan wie se kop deur Jesus Christus vermorsel is, die saad van die vrou (Gen. 3:15), en saam met hom ook sy werke. Daarom het bedrog geen toekoms nie. Dit is niks anders as 'n doodloopstraat nie.

Sing: Psalm 9:7, 12 (Totius)

Ds. JE Franck (Ladysmith/Glencoe)